

**13 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 14**

### **Saul se dwase eed**

Mag mens 'n eed neem? Ja, mits dit nie so 'n dwase eed is soos wat Saul geneem het nie. Toe Jonatan 'n Filistynse patrollie oorweldig en die Here die leër van die Filistyne in verwarring bring, sien Saul dit as 'n gulde geleentheid om sy gehate vyand te verslaan. Dis dan by dié geleentheid dat hy die manskappe 'n eed oplê: "n Ramp tref dié een wat voor vanaand iets eet".

Waarom neem hy so 'n dwase eed? Watter soldaat kan op 'n leë maag die vyand oorwin? Wou hy dalk deur die eed die Here dwing om die oorwinning aan die Israeliete te gee? Ons weet nie. Al wat ons weet is dat die arme soldate baie gely het (14:31-37). Die eed het egter ook vir Jonatan laat ly, want toe Saul hoor dat Jonatan - onbewus van die eed van sy pa - heuning geëet het, neem hy nog verder 'n onbesonne eed dat sy seun moet sterf! As die soldate nie vir Jonatan beskerm het nie, sou Saul sekerlik sy eie seun laat doodmaak het.

Op die vraag of 'n mens Godvresend by die Naam van God 'n eed mag sweer, antwoord die Kategismus (vraag 101) tereg: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis, maar dan moet dit tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Ons mag egter nooit 'n eed neem om die Here as 't ware te dwing om vir ons te gee wat ons wil hê nie!

*Sing: Psalm 15:1,4*

*Dr CJ Malan (Emeritus)*